NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 16

29 Mei 2019

# Jesus is hier, nie weg nie

**Op Donderdag 30 Mei vier ons die hemelvaart van Jesus. Prof Ernest van Eck het hierdie teks geskryf vir vanjaar se *Bybelse Dagboek*.**

Soos in die geval van byvoorbeeld die maagdelike verwekking of kruisiging van Jesus, word ook die hemelvaart van Jesus op meer as een wyse in die Nuwe Testament beskryf. Die bekendste vertelling oor die hemelvaart van Jesus is heel waarskynlik die beskrywing wat ons in Handelinge 1: 1-11 vind. Volgens hierdie vertelling het Jesus vir 40 dae na sy dood by verskeie geleenthede in Jerusalem aan sy dissipels verskyn, saam met hulle geëet en met hulle oor die koninkryk gepraat. Toe, op die 40ste dag na sy dood, is Jesus in 'n wolk voor die oë van sy dissipels weggeneem.

Waarheen, word die vraag dikwels gevra, het Jesus gegaan? In terme van die wêreldbeeld van die mense van sy tyd, natuurlik hemel toe, want vir daardie mense het die wêreld immers uit drie vlakke bestaan met die hel onder, die aarde in die middel, en die hemel bo. Maar waar is hierdie *bo*? word soms gevra. Sommige vra soms selfs of daar regtig 'n *bo* is. Party sê nee, daar is nie. En, is die argument, as daar nie 'n *bo* is nie, dan is die hemelvaart mos nie iets wat werklik gebeur het nie.

Hierdie soort vrae mis die punt wat Handelinge hier wil maak. Wat die skrywer wil sê, is dat Jesus nou nie meer hier is nie, maar by God. God wat ewig (*altyd*) is. En waar is God? God is oral. Wat eenvoudig beteken dat Jesus nou ook *altyd* en oral is. Jesus Christus kan nou dus geken, ervaar en aanbid word deur elke gelowige op enige plek en enige tyd. Hy is nou by ons, altyd, en oral. So, al lyk dit of Hy weg is, is Hy nie. Hy is nou hier, hier by my en by jou.

Ons lewe dus elke oomblik van elke dag in Christus se teenwoordigheid. Hoe behoort ons dit te doen? Ons behoort sy getuies te wees, te vertel van sy liefde en goedheid. En deur dit te doen, maak ons al hoe meer iets van sy koninkryk sigbaar. In Jerusalem, Judea, Samaria, maar ook hier en nou.

**Prof Ernest van Eck, Universiteit van Pretoria**

***** Die volgende uitgawe van *Blitspos* verskyn op Donderdag 13 Junie.**

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed

- **Mnr Willie van Schoor**, vader van dr Wimpie van Schoor van Gemeente Primrose-Oos, is Dinsdag 28 Mei skielik oorlede. Hy was in die hospitaal vir 'n prosedure aan sy been. Hy was vir twee termyne ouderlinglid van die Kommissie van die AKV en lank skriba van Gemeente Kempton Park-Oos. Dr Wimpie het in die onlangse verlede sy moeder, dogter, skoonmoeder en nou ook sy vader verloor. Ons innige simpatie gaan aan hom en sy familie.

- **Ds Kiewiet van Deventer** van Gemeente Malelane **se vader** is Saterdag 18 Mei oorlede. Hy was 82 jaar oud en was die laaste vier maande bedlêend, waartydens sy liggaam stelselmatig agteruitgegaan het en hy sy kragte verloor het. Ons innige simpatie gaan aan ds Van Deventer en hul familie.

- **Mnr Fanie Schoeman**, eggenoot van mev Nettie Schoeman van die Ouditafdeling van die Sinodale Dienssentrum, is Saterdagoggend 25 Mei na 'n lang siekbed oorlede. Die egpaar was voorheen lidmate van Gemeente Silverton en is sedert 2013 in Gemeente Pretoria-Oos. Mev Schoeman is reeds jare lank by Oudit werksaam, en werk al 'n geruime tyd op kontrakbasis vanaf haar huis. Die begrafnisdiens vind plaas op **Donderdag 30 Mei om 11:00** in Gemeente Pretoria-Oos. Ons bid mev Schoeman krag toe in hierdie moeilike tyd.

Ds Gerrit-Daan en Lisca van der Merwe

- **Ds Gerrit-Daan van der Merwe** van Gemeente Strand is Sondag 26 Mei tydens die gemeente se erediens in die huwelik bevestig met Lisca. Die hele gemeente was genooi – een wonderlike groot familie en vriende om saam te hoor hoe hulle trou aan mekaar beloof! Die diens is waargeneem deur dr Piet van Staden van Stellenbosch/Worcester met 'n treffende boodskap oor die liefde.

- **Dr Daan van Wyk (jr)** het onlangs in die huwelik getree met Michelle Jansen van Rensburg. Die huweliksbevestiging het plaasgevind tydens 'n normale erediens van hul gemeente, Ebenhaëzer.

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 Junie, en word hartlik geluk gewens:**

| | | |
|---|---|---|
| o | Woensdag 29 Mei: | Ds P (Paula) Eksteen (buiteland) |
| o | Vrydag 31 Mei: | Ds GJ (Gert) van Staden (beroepafwagtend) |
| o | Dinsdag 4 Junie: | Di TF (Thomas) Joubert (Swellendam) en CAA (Tiaan) Loedolff (Vaalwater) |
| o | Woensdag 5 Junie: | Dr JGM (Hans) Dreyer (emeritus) en ds GF (Frikkie) van Wyk (Montana-Oos) |
| o | Donderdag 6 Junie: | Prof APB (Andries) Breytenbach (emeritus), di PS (Petrus) Dreyer (Seestergemeente Brackenhurst) en HJ (Herman) Jansen van Rensburg (emeritus) |
| o | Vrydag 7 Junie: | Di LJJ (Leon) Nell (emeritus) en JA (Johnny) Young (Rustenburg-Tuine) |
| o | Saterdag 8 Junie: | Ds WJM (Willem) Breytenbach (Hazyview/Sabie/Witrivier) |
| o | Sondag 9 Junie: | Ds JJ (Kotie) Mc Donald (Turffontein) |
| o | Woensdag 12 Junie: | Ds NCJ (Nico) Brayshaw (emeritus) en ds L (Lana) van Rensburg (Koedoesrand) |
| o | Donderdag 13 Junie: | Prof MJ du P (Bieks) Beukes (emeritus) |
| o | Vrydag 14 Junie: | Ds GFJ (Gert) Beukes (emeritus) |

## Gemeentes en bediening

- **Die kantore van die Sinodale Dienssentrum sal gesluit wees op Donderdag 30 Mei (Hemelvaartdag).**

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria** se **kontakbesonderhede** het verander. Die kantoor se nommer is nou 060 577 6458 en die e-posadres **admin@laatjouligskyn.co.za**. **Ds Stephen de Beer** se nommer is 060 577 6472 en sy e-posadres **stephen@laatjouligskyn.co.za**.

- **By die SP Engelbrecht-museum te koop**: Ou portret-/fotorame en glas – maak ’n aanbod. Ook ou yster-kerkwapens/ZAR-embleme @ R100 elk en 1886-1986 Witfontein bronspennings @ R20 en silwerpennings @ R100. Stel van 8 plakkate oor geskiedenis van die NHKA @ R250 of R45 per plakkaat: Predikante; Ouderlinge; NHSV; Nagmaal en Doop; Bybelvertaling; Kerkhervorming; Voortrekkers; Liturgiese jaar. Ons kan dit ook via Postnet stuur. Kontak ds De Bruin by **cjdb@telkomsa.net** of 082 733 3951 op WhatsApp.

- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)**, kan kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by **njssteenekamp@gmail.com** of 073 279 3315. Vervoerkoste en ’n honorarium word betaal.

- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617.

- Predikante kan by **Gemeente Dullstroom** preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir ’n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com** om die Sondag te bevestig.

## Vergaderings

- Woensdag 5 Junie: Plesion Direksie
- Donderdag 6 Junie: Kommissie van die AKV
- Vrydag 7 Junie: Kommissie van die AKV
- Saterdag 8 Junie: Kommissie van die ADV
- Donderdag 13 Junie: Rata Bestuur Werkwinkel

## ’n Gedig

**Credo**

Wie ken die ryp se bêreplek,
skatkamers van die sneeu?
God bewaar die bruidsdrag van die aarde.
Hy ontbied die môre;
uit sy geheime garderobe
haal Hy haar ligroos kleed.

’n Vreemdeling, sê u, dominee?
’n Bywoner, ’n reisiger
wat die onsienlike moet sien?
Op dié deurtog verheug ek my
om te oorwinter, te oornag.

In die koesterkolle van die son
is ek dassie en duinemol:
Vanself om die aarde bol
my opgehewe hande.

Die God van die verborge plekke
leer ek sienderoë ken.

**Lina Spies**
(Uit: *Hiernamaals*, 1992)

## Toerusting

- Op Saterdag 25 Mei het die **Gautengstreek** (**Pretoria) se VTK** (Voortgesette Toerusting Kerkraad) by Gemeente Wonderboom plaas-gevind. Daar was ouderlinge en diakens uit verskillende Pretoriase gemeentes betrokke. Die toerusting het oor emosioneel gesonde leierskap gehandel.

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
  **Premierkursus oor brugbediening**
  **Week 1: 29 Julie – 2 Augustus**
  **Week 2: 4-7 November**
  Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
  Koste R2 200 (BTW ingesluit)
  Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
  **Hesmarie.Bosman@up.ac.za**

## Barmhartigheid

- **Tooi Turkoois vir Bejaardes**
  **15 Mei – 15 Junie**
  Navrae: **info@goturquoise.co.za**

- **Sondag 2 Junie: Deur-/komberskollekte**
  **Vir Rata Maatskaplike Dienste**
  Bring ’n kombers vir ’n kind/bejaarde/hawelose persoon
  Of maak ’n donasie ter waarde van ’n kombers
  Deel van Kinderbeskermingsweek 27 Mei – 2 Junie

- **NHSV-uitbetalings.** Ten einde die NHSV Hoofbestuur in staat te stel om op nasionale vlak haar barmhartigheidstaak uit te voer, word takke versoek om **twee keer ’n jaar fondse** aan die NHSV Hoofbestuur **oor te betaal**, naamlik teen **31 Mei en 31 Augustus**. Die **Mei-uitbetalings** word aangewend vir die Bejaardesorg en Inrigtingsfondse sowel as die administrasie van die NHSV-kantoor. Hierdie fondse ondervang gewoonlik die tekorte van bejaardes wat nie kan bekostig om vir hul versorging in die tehuise te betaal nie, en wat nie daarom weggewys word nie, maar gehuisves word. So vervul die NHSV haar barmhartigheidsrol deur bejaardes in nood te borg. In **Augustus** kan elke NHSV-tak en gemeente ’n addisionele barmhartigheidsuitbetaling aan die NHSV Hoofbestuur maak ten bate van enige van of al die Monumenttehuise (waar tekorte ontstaan), die Beurs- en Leningsfonds (vir Hervormde studente), die Armoedefonds en *Die Christelike Vrou*. **Hierdie is vrywillige bydraes** wat die NHSV se hand sterk om ’n seën te wees waar sy betrokke

is by verskeie instansies. Barmhartigheid is ’n opdrag wat Jesus aan elke gelowige gegee het, en met hierdie fondse poog die NHSV om daardie opdrag uit te voer. Dankie aan elke vrou en lidmaat wat hiertoe bydra.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R3 865 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  **Lewensreg te koop**
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  **Daar is nou ook huureenhede beskikbaar**
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

## Kerklike publikasies

- In die **Mei 2019-uitgawe** van die NHSV se publikasie ***Die Christelike Vrou*** lees ons in die redaksionele artikel *Geen einde aan hoop* die verhaal van Katie Renshaw wat aan ’n rolstoel vasgekluister was vir 10 jaar, hoe daar vir haar uitkoms gekom het, en dat ons nooit moet ophou hoop nie! Die ontwikkeling van die NHSV se webblad oor ’n periode van 13 jaar word toegelig in die artikel *NHSV in pas met nuutste tegnologie!* Kom lees ook die verhaal van Opera Above Ground Level in *’n Trappie hoër* wat fokus op die ontwikkeling van jong talent in die Kaap. Ons laaste artikel fokus op *Hospice* en hoe ons betrokke kan raak by hul *Hospice-winkels*. Kom besoek gerus die NHSV se publikasies by **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

- **Lees in *Die Hervormer* van Junie 2019**
  - Stille barmhartigheid
  - Terugvoer oor die Agtste ADV
  - Leierskapsafrigting vir predikante

  Lees *Die Hervormer* volledig by **www.hervormer.co.za**

- Die Sinodale Dienssentrum se **Kerkspesifieke lessenaarkalender vir 2019**, in volkleur, is nou teen die verminderde bedrag van **R50 (BTW ingesluit)** per kalender beskikbaar. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui, maar daar is steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afsprake in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4’s), aan die bokant gegom, sodat dit plat op ’n lessenaar kan lê. Bestel by mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of **sentik@nhk.co.za**. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Dienssentrum te Swaanstraat 129, East Lynne.




- **Ds Fanie Naudé (emeritus)** se **boekie *Die Name van Jesus*** is nou beskikbaar by CUM se boekwinkels, teen R136 elk (normale prys R160). Wat beteken dit wanneer Jesus die Leeu van Juda, die Sleutel van Dawid, die Hoeksteen, die Erfgenaam en die Amen genoem word? In hierdie publikasie word 50 van die belangrikste Name verduidelik wat Jesus se familie, sy dissipels, vreemdelinge, Hyself, asook sy Vader Hom genoem het. Jesus se Name vertel ons meer van sy verhouding met sy God, die Heilige Gees en veral met ons, sy kinders.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Krugersdorp: Gholfdag**
  **Donderdag 6 Junie by Krugersdorp Gholfbaan**
  R1 600 per vierbal (sluit baanfooi en halfwegete in)
  R2 500 om ’n putjie te borg
  Inskrywings en navrae: Ds Quinten Schimper
  076 687 7410 / **quinten.schimper@gmail.com**

- **Rata: *Drive for a Child Masters***
  **Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub**
  Borg ’n putjie teen R2 500
  R4 200 vir ’n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  R5 000 vir ’n 4-bal plus putjieborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  Navrae: 082 081 3213 / **info@driveforachild.co.za**
  **www.driveforachild.co.za**

## Basaars en markte

- **Gemeente Newcastle: Winskopiebasaar**
  **Vrydag 31 Mei 13:00 tot laat**
  By kerksaal, hv Eaton- en Amielweg, Amielpark
  Kerrie-en-rys, pap-en-sosaties, pannekoek, nagereg en baie meer
  Navrae: Piet Bothma 082 444 7257 / Daleen Honeyball 084 578 1556

- **Gemeente Delmas: Voetspoorfees**
  **Saterdag 1 Junie 09:00-14:00**
  Kom geniet vleisspore, pretspore, smulspore en vermaakspore
  Met “Die Ventertjies” (gratis vertonings)
  Navrae: Heleen Bekker 013 665 2679 / **delmas@nhk.co.za**

- **Gemeente Silverton: Basaar**
  **Saterdag 1 Junie vanaf 08:00 en solank voorraad hou**
  By kerksaal, hv Fakkel- en Presidentstraat, Silverton
  Vetkoek, pap-en-kaiings, worsbroodjies
  Pannekoek, nagereg, koeke, vermaak en baie meer
  Staanplek vir stalletjies beskikbaar teen R200
  Geen kosstalletjies van buite gemeente nie
  Navrae: Ds Henk Labuschagne 082 375 4321
  Hannie Knoll 079 603 6555

- **Dutch Reformed Church Nkana of Zambia: Basaar**
  **Saterdag 1 Junie by die krieketklub in Kitwe**
  Trekking van wenkaartjie (230 kg bees of K6 000 – R7 500 – kontant) om 16:00
  Navrae: Prof Bieks Beukes (brugpredikant Nkana) 072 036 4960
  Cleo Dempers (skriba) +260967783278

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Die koste van advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Kom, alles wat groot is in die skepping,
kom prys die Here!
Kom, berg Kilimandjaro en Victoriameer,
kom, Skeurvallei en Serengetivlakte,
kom, vet kremetarte en mangobome,
bloekoms en tamarinde,
kom, LOOF DIE HERE!
Roem en loof Hom vir ewig en ewig.

Kom, al julle kleintjies:
besige swart miertjies en wippende vlooie,
wriemelende paddavissies en muskietlarwes,
kom, julle vlieënde sprinkane
en spattende waterdruppels.
Kom, stuifmeelspikkels en tsetsevlieë,
grassade en daggaplantjies,
kom, LOOF DIE HERE!
Roem en loof Hom vir ewig en ewig.

**’n Lofsang uit Afrika**
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk